



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 12
KW 2	Week 2
ONDERWERP	Gedig: Boekmerk (Marlise Joubert)
DOEL VAN DIE LES	Verduideliking van die gedig Boekmerk (woordeskat, inhoud en literêre aspekte)
INLEIDING	<ul style="list-style-type: none">• Weet jy wat 'n boekmerk is?• Waarvoor, dink jy, sal 'n mens 'n boekmerk gebruik?• Dink jy 'n boekmerk kan lank gehou word?• Waarvan kan 'n boekmerk gemaak word?• Hou jy daarvan om self te lees?• Hou jy daarvan dat jou onderwyser vir jou moet lees? <p>✓ Jy behoort nou reeds te weet dat mense wat graag lees, en nie 'n boek klaar kan lees nie, 'n merk in die boek maak, sodat hulle kan onthou waar hulle gestop het.</p> <p>✓ Jy het ook al sekere literêre aspekte, uit die ander gedigte wat reeds behandel is, geleer.</p> <p>✓ Jy behoort ook aan jou gunstelingonderwyser in die laerskool te dink wat altyd vir jou stories gelees het.</p> <p>✓ Jy weet ook dat sommige onderwysers dit vir julle aangenaam maak om skool toe te kom.</p> <p>✓ Sommige onderwysers wil ook hê dat jy mooi herinneringe oor jou skooldae moet hê. Stem jy saam?</p>
KONSEPTE EN VAARDIGHEDE	<p>In hierdie bespreking gaan ons na die volgende aspekte verwys:</p> <p>1.1 Woordeskat in die gedig 1.2 Die inhoud van die gedig 1.3 Die uiterlike bou van die gedig 1.4 Die tema en die les wat hierdie gedig wil oordra.</p> <p>Lees die gedig – sommige belangrike aspekte is in vetdruk om jou te help.</p>

BOEKMERK - Marlise Joubert

1 **kinders**

2 met **wange soos mossies**

3 wat teen elke oggend **stoei**

4 hande altyd **woerende** vlerke

5 elke lyfie 'n seilende gesang –

6 vlak bo die waterspieël

7 van 'n klipvloergang

8 vlytig stort die druppels klank

9 oor haar uit totdat sy verbaas

10 die reuk van **bittersoet** jasmyn

11 uit haar **skooljare proe**

12 waar sy ook kon **mor**

13 en protesteer:

14 **waarom** is alles altyd ver

15 **waarom** is alles altyd hier

16 **waarom** moet ek leer

17 van optel aftrek deel

18 van **dooie digters**

19 uit die **toentertyd**

20 en watter land sit waar

21 en **waarom** draai die son

22 **toe** maak sy die dag weer oor –

23 met elke skoolklok werk sy

24 namens mossiekind:

25 kom ons **pars** die wind

26 met **wange soos soldaatjies**

27 totdat elkeen net die geur

28 van jasmyn kan boekmerk

29 teen die onheil van ons

30 **ellelange** reis

VERTALING:

Boekmerk – *bookmark*

Ellelange – *very long* (baie lank)

Geur – *fragrance*

Jasmyn – *jasmin* ('n soort blom wat soet ruik)

Mor – *grumble*

Namens – *on behalf of*

Onheil – *misfortune* ('n slegte of treurige gebeurtenis)

Pars – *press* (om gewig op blomblare te plaas sodat al die vog daaruit verdwyn)

Reuk – *smell*

Stoei – *wrestle*

Toentertyd – *long ago* (lank gelede)

Woerende vlerke – *moving wings* (hande beweeg altyd)

Bestudeer die onderstaande tabel om die gedig beter te verstaan:

GEDIGASPEK	VOORBEELD	BETEKENIS/ FUNKSIE
DIGTERES	MARLISE JOUBERT	<ul style="list-style-type: none">Sy is 'n digter, skrywer en dramaturg, en is met Louis Esterhuzen getroud. Die gedig verwys na die tyd toe sy "laerskooljuffrou" was. Boekmerke kry jy in boeke in die biblioteek. Sy het leerders hul eie

	<p>TEMA</p>	<p>Reël 6 Reël 7</p> <p>Reël 8 Reël 10 Reël 10,11</p> <p>Reël 14,15,16</p> <p>Reël 19 Reël 20,21</p> <p>Reël 22 Reël 25 Reël 30</p>	<p>Sinekdogee (reël 5) – “lyfie” wat eintlik dui op die leerder.</p> <p>Waterspieël – sy sien haar in die kinders – Sy doen introspeksie.</p> <p>Klipvoergang – harde gang/harde stemme van kinders</p> <p>Druppels simboliseer hoe die lewe van die kind klink – soos water op die dak – water dui op lewe</p> <p>Hier is ook ‘n voorbeeld van ‘n metafoor: Klipvoergang kan ook dui op die klipharde stemme van die kinders.</p> <p>Jasmyn dui op waardering en skoonheid</p> <p>Oksimoron (reël 10) – “bittersoet” (bitter en soet)</p> <p>Sinestesie (reël 10 – 11) – Die spreker proe die reuk van jasmyn. Die smaaksintuig word vir die reuksintuig aangewend.</p> <p>Herhaling van “waarom” beklemtoon die kinderlike kwaliteit van wil weet.</p> <p>Toentertyd – ver in die verlede</p> <p>Probleme van kinders is universeel – hulle sukkel met Aardrykskunde, Geskiedenis, Tale en Wiskunde gesukkel.</p> <p>Toe dui op verandering/wending</p> <p>Pars – fyn druk tot die soetste/beste sap uitkom</p> <p>Ellelange – baie lang reis na skool</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die invloed van onderwysers op leerders
--	--------------------	--	---

	<p>STEMMING</p>		<ul style="list-style-type: none"> • Sy maak die lewe vir die kinders in haar klas spesiaal, net soos wat haar lewe in haar kinderjare was. • Spreek van liefde en dit is positief. Ons kry ook 'n opgewekte stemming.
<p>Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers: Dit het geen vaste rymskema nie; die strofes is nie ewe lank nie</p> <p>Leestekens soos die dubbelpunt en aandagstreep (reël 5, 22 en 24) het ook sekere funksies, nl. dit skep afwagting of dui aan dat dit wat daarop volg, belangrik is.</p> <p>Enjambemente word deurgaans gebruik as een van die kenmerke van die gedig. Dit beteken dat daar nie baie leestekens in die gedig is nie. Die tempo is ook dan vinnig. Kan dui op hoe vinnig jou skooljare verbygaan.</p>			
<p>VASLEGGING</p>	<p>Maak seker dat jy vrae oor die volgende aspekte in die gedig kan beantwoord:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ die titel ○ die konteks ○ alleenplasing ○ sinekdogee ○ oksimoron ○ sinestesie ○ wending/verandering ○ letterlike en figuurlike betekenis ○ voorbeelde van vergelyking, metafoor, klanknabootsing, alliterasie, enjambement en die rymskema ○ stemming ○ Die funksie van die leestekens ○ die les en die boodskap 		

KONTEKSTUELE VRAE:

1. Word die WOORD "kinders" as 'n ALLEENPLASING in reël 1 effektief gebruik? Gee 'n rede vir jantwoord. (2)
2. Skryf die VERGELYKING neer wat in versreëls 1-2 voorkom. (1)
3. Watter woord in strofe 1 boots die klank wat die mossievlerke maak, na? (1)
4. In strofe 2 is TWEE WOORDE wat in KONTRAS met mekaar staan, saamgevoeg tot een woord. Skryf die woorde neer, en sê wat die spreker bedoel. (1)
- 5.1 Haal 'n voorbeeld van ENJAMBEMENT uit die gedig aan. (1)
- 5.2 Wat, sou jy sê, is die FUNKSIE daarvan? (1)
6. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer (2) en die letter (A–D) neer.
Die woord "bittersoet" in strofe 2 is 'n voorbeeld van ...
 - A Metafoor
 - B Personifikasie
 - C Oksimoron
 - D Sinekdogee (1)
7. Wat SIMBOLISEER dit as 'n mens 'n boekmerk in jou "lewensboek" of herinneringe plaas? (1)
8. Noem TWEE DINGE waaroor die leerders vrae het in strofe 2. (2)
9. Is hierdie gedig 'n vrye vers? Motiveer jou antwoord. (2)
10. Wat, dink jy, is die TEMA van hierdie gedig? (1)
11. Kies die KORREKTE WOORDE tussen hakies.
Die STEMMING aan die einde van die gedig is (positief/negatief). (1)
12. Verduidelik die TITEL van die gedig op FIGUURLIKE VLAK. (1)

TOTAAL = [18]**ANTWOORDE**

1. Ja. Dit vestig die aandag van die leser onmiddellik op die kinders waaroor gepraat gaan word. (2)
2. "wange soos mossies" (1)

	<p>3. woerende (1)</p> <p>4. Bitter + soet = Bittersoet. Dit is lekker, maar daar is ook slegte elemente by betrokke. (2)</p> <p>5.1 "...vlak bo die waterspieël van 'n klipvloergang..." (versreël 6-7) (1)</p> <p>5.2 Dit verhoog die tempo in die gedig/ Dui op vinnige beweging van die skoolkinders. (1)</p> <p>6. C / Oksimoron (1)</p> <p>7. Jy die dinge moet onthou. (2)</p> <p>8. Waarom hulle moet leer/Waarom hulle by die skool is (2)</p> <p>9. Dis 'n vrye vers want daar is geen vaste rymskema nie (2)</p> <p>10. Die invloed van onderwysers op leerders (1)</p> <p>11. positief (1)</p> <p>12. Goeie herinneringe wat jy kleintyd bymekaar moet maak wat later in jou lewe vir jou 'n rigtingwyser kan wees en jou kan beskerm teen die lewe se harde slae./ Moenie die lewensherinneringe van die goeie dae van skool vergeet nie. (2)</p> <p style="text-align: right;">TOTAAL = [18]</p>	
BRONNE	<p>Papierbronne</p> <p>Raadpleeg Verskuns vir Eerste Addisionele Taal (Samesteller: Riens Vosloo) vir meer inligting oor hierdie gedig. Departement van Basiese Onderwys. <i>Afrikaans Eerste Addisionele Taal NSS- en SS-Eksamenvraestelle, 2017-2019</i></p>	<p>Digitale bronne</p> <p>Quizlet.com– 20 flitskaarte (Boekmerk – Marlise Joubert)</p> <p>Opsomming op Youtube (Boekmerk – Marlise Joubert)</p>